Wandel waar Jesus geloop het …

Israel, die Heilige land!

Saam met Pastoor Hannes en Nici van As

DV 9 – 20 Julie 2023

Liewe vriende,

Dit is met groot opgewondenheid dat ons, na baie navrae, die volgende toer aankondig!

Ons het alreeds ***5 toere*** na Israel onderneem, is deeglik gegrond in ons Bybelse kennis van Israel, asook die rol wat Israel in die eindtyd speel – ons wil graag hierdie kennis met u deel!

Ons verhouding wat ons deur die jare met ons agent en toergids opgebou het, stel ons in staat om 'n unieke toer te beplan. Ons maak gebruik van die ***beste gids***, bly in ***top hotelle***, reis in 'n ***luukse bus*** en het 'n ***hoogs betroubare agent***.

Om hierdie rede is daar persone wat weer en weer saam met ons toer!

Ons toerplan sluit ook 'n kort vakansie te ***Eilat*** aan die ***Rooi See*** in.

Toerdatum: DV ***Sondag, 9 Julie – Donderdag 20 Julie 2023***
Toerprys: **R 56 882.00**

Belangrik:

- Indien u, of u gesin, of vriende, ernstig sou belangstel om die toer mee te maak, ***laat weet ons asseblief so gou moontlik!*** [Getalle belangrik!]
- Indien uself nie kan gaan nie, versprei asb. hierdie inligting aan u familie, vriende en bekendes. Dit sal hoog waardeer word!
- Sodra ek positiewe bevestiging van u deelname ontvang het stuur ek aan u die amptelike registrasievorms!

Kontakbesonderhede:

Epos: **hannesvanas@gmail.com**
Sel Nr: **072 428 9969**

Onder volg ons reisplan. Let daarop dat dit slegs die hoofmomente aandui, en dat daar tydens ons toer ook ander besienswaardighede besoek word – selfs wanneer ons in die bus ry word u deurgaans op hoogte gehou van die historiese en Bybelse betekenis van die omgewing! U sal ook voor die toer 'n handleiding kry met foto's en Bybelse en ander relevante inligting oor die plekke wat ons besoek!

Juliemaand in Jerusalem!

SKEMATIESE UITEENSETTING VAN DIE REISPLAN
(O)-Ontbyt **(M)**-Middagete **(A)**-Aandete **(*)**-Ete aan boord die vliegtuig

Dag 1: Sondag, 09 Julie JOHANNESBURG – TEL AVIV

Ontmoet mekaar vanaf 16:30 by die El Al Israeli Airlines inboek-toonbank. U bagasie word deur die lugredery se sekuriteitspersoneel nagegaan en toegedraai. Vertrek om 20:00 na Tel Aviv. Oornag aan **BOORD (A*)**

Dag 2: Maandag, 10 Julie BEN GURION – RAMON KRATER – EILAT

Stryk om 08:55 op die Ben Gurion lughawe neer waar ons toerbus gereed staan om na die suide van Israel te vertrek. Reis oor Beer Sheva na die **Ramon Krater** waar ons die asemrowende uitsig oor die Negev woestyn geniet. By die Kibbutz Ketura sien ons die 2000-jaaroue **"Methuselah" palmboom**. Ons bestemming is die vakansiestad **Eilat** waar ons 'n **bootvaart** en **braai** op die **Rooi See** geniet. Oornag in **EILAT (O*)(M)(A)**

Dag 3: Dinsdag, 11 Julie EILAT

Na ontbyt het ons die dag tot ons beskikking om **Eilat** op eie stoom te verken. Geniet die vele winkeltjies van die promenade op die oewer van die Rooi See of maak 'n draai by die onderwater observatorium. Daar is geleentheid vir 'n opsionele toer na die "verlore" stad van Petra in Jordanië. Aandete en oornag in **EILAT (O)(A)**

Dag 4: Woensdag, 12 Julie TIMNA PARK – MASSADA – DOOIE SEE

Bring vanoggend besoek aan **Timna Park** waar Salomo se kopermyne te sien is. Besoek die **Tabernakel in die Wildernis** wat gebou is volgens die aanwysings soos wat dit in die Ou-testament vervat is. By **Massada**, word ons per kabelspoor na die kruin geneem. Besigtig die bouvalle van die eens luukse paleis van Koning Herodus en geniet die lieflike uitsig oor die Woestyn van Judea en die Dooie See. Hier het die tragiese verhaal van Eleazer Ben Yair en sy 959 Joodse volgelinge, wat liewer massa selfmoord gepleeg het as om hulle aan die Romeinse besetters oor te gee, afgespeel. Reis dan na die **Dooie See**, die laagste plek op aarde, waar ons laatmiddag heerlik kan gaan dryf in die helende water. Aandete en oornag by die **DOOIE SEE (O)(A)**

Dag 5: Donderdag, 13 Julie EIN GEDI – QUMRAN – BETABARA – JERIGO – TIBERIAS

Besoek aan **Ein Gedi** waar Dawid soms teen Saul geskuil het en waar hy die geleentheid gehad het om Saul dood te maak, maar net 'n stukkie van sy kleed afgesny het. Reis verder na **Qumran** waar die Dooie See boekrolle in 1947 ontdek is. Vertoef by die doopplek van Jesus by **Betabara** in die omgewing waar Hy aan die "oorkant" van die Jordaanrivier gedoop is – hou hier moontlike **doopdiens**. Reis na **Jerigo**, die oudste bekende stad ter wêreld. Hierdie stad is deur Josua vernietig toe die Israeliete in opdrag van God, 7 maal om die stad geloop het en sy mure ineengestort het. Besoek ook hier die **fontein wat Elisa** gesond gemaak het en wat vandag nog vloei. Ons reis hiervandaan verder na die **See van Galilea** waar aandete by die hotel bedien word. Aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

Dag 6: Vrydag, 14 Julie BANIAS – GOLAN HOOGLAND – GALILEA

Begin die dag by **Banias**, ook bekend as Bybelse Caesarea Philippi. Dit is een van die drie oorspronge van die Jordaanrivier. Reis oor Gorasin en die **Golan Hoogland** terug na die omgewing rondom die See van Galilea. Bring besoek aan die **Berg van Saligsprekinge** waar die bergpredikasie gelewer is. Besoek die Kerk van Saligsprekinge en reis dan 'n entjie verder noord na die **Mensa Christi** kerk waar Jesus aan die dissipels verskyn het en hulle saam geëet het. Sien die uitgrawings van Petrus se huis en die bouvalle van 'n Sinagoge uit die Tweede eeu by **Kapernaum**. Bring besoek aan die ruïnes van **Magdala** waar Maria Magdalena gebore is. In die tyd van Jesus was dit 'n vooruitstrewende vissersdorpie. Argeoloë het die oorblyfsels van die dorpie wat dateer uit die dae van Jesus blootgelê wat 'n Bisantynse klooster en 'n mosaïekvloer van 'n vissersboot uitbeeld. Die omgewing staan vandag bekend as Migdal. Besoek die **Boot-museum** waar ons die sogenaamde "Jesus boot" te siene kry. Onderneem 'n bootvaart op die See van Galilea. Aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

Dag 7: Saterdag, 15 Julie ROSH HANIKRA – KARMEL – CAESAREA – JERUSALEM

Reis via **Nasaret** en bring vandag besoek aan die grotte by **Rosh Hanikra** waar ons per kabelspoor die asemrowende kalksteengrotte op die grens van Libanon besoek. Reis vandaar na die berg **Karmel** waar Elia die Baälpriesters om die lewe gebring het. Aanskou van hier die **Armageddonvlakte** waarvan Openbaring praat. Op pad na Jerusalem doen ons aan by **Caesarea** waar **Pilates** gewoon het, en waarvandaan Paulus sy sendingreise onderneem het. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 8: Sondag, 16 Julie JERUSALEM

Na ontbyt bring ons besoek aan die **Stad van Dawid** waar die poel van Siloam vandag nog te sien is. Stap met die sogenammde "droë" tonnel langs na die **Davidson Centre** wat binne die Ou-stadsmure van Jerusalem geleë is. Sluit die besoek by die **Klaagmuur,** die allerheiligste plek vir die Jode af voordat ons by die **Tempel instituut** insig kry rondom die verlede, hede en toekoms van die tempel in Jerusalem. Besoek **Klaagmuur tonnels**! Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 9: Maandag, 17 Julie JERUSALEM

Besoek vandag die **Olyfberg** vanwaar u 'n pragtige uitsig oor die Ou Stad en die tempelterrein het. Hier van die Olyfberg af het Jesus sy dissipels gestuur om die donkie te gaan haal waarop Hy Jerusalem binnegery het. Besoek die **Tuin van Getsemane** waar Jesus gebid het. Judas het Jesus hier verraai en Hy is na Kajafas geneem om aangekla en verhoor te word. Die "Kerk van alle Nasies" is in hierdie tuin geleë waar verskeie Olyfbome vandag steeds groei. Bring dan besoek aan die **huis van Kajafas die hoëpriester**, bekend as Petrus in Galicantu. Dit was hier waar Petrus die Here drie maal verloën het. Gallicantu beteken "die kraai van die hoenderhaan". Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 10: Dinsdag, 18 Julie EIN KAREM – KNESSET – BETHESDA – YAD VASHEM

Bring vandag besoek aan die antieke woonbuurt wat as die dorpie **Ein Karem** in die Jerusalem distrik bekend gestaan het. Volgens oorlewering is Johannes die doper in Ein Karem gebore. Vertoef by die Israeli parlementshuis bekend as die **Knesset**. Besoek die **Bad van Bethesda** naby St Anne se kerk. Onderneem 'n staptoer saam na die Bad van Bethesda en volg dan die **lydensweg** wat as die via Dolorosa bekend staan. Besoek ook die **Yad Vashem** museum waar die hartseer verhaal van die Holocaust uitgebeeld word. Namiddag vry vir eie eksplorasie! Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 11: Woensdag, 19 Julie TUINGRAF – LATRUN – JOPPE

Sluit die toer af by die **Tuingraf** waar u op 'n toer van die terrein geneem word. Een van die plaaslike personeel sal verduidelik waarom hierdie plek die waarskynlike graf van Jesus is. Geniet 'n pragtige uitsig oor **Golgota** wat ook bekend staan as Gordon's Calvary. **Nagmaal** word by die tuingraf bedien. Reis na heuweltop **Latrun** waar Josua die Amoriete in die **Vallei van Ayalon** verslaan het. Reis verder na **Joppe** waar die huis van Simon die leerlooier vandag nog te siene is voordat ons vrye tyd langs die promenade op die oewer van die Middellandse See geniet. Ons word na die lughawe oorgeplaas vir die El Al vlug wat om 23:30 na Johannesburg vertrek. Oornag aan **BOORD (O)(A*)**

Dag 12: Donderdag, 20 Julie JOHANNESBURG

Stryk om 07:00 op die Johannesburgse O.R. Tambo Internasionale lughawe neer; ryk aan herinneringe en verryk in die gees. Eendag maak ons weer so! **(O*)**

Jerusalem

Caesarea

Kapernaum

Dooie See

Tuingraf

TOERKOSTE: R56,882 per persoon soos volg saamgestel:
Groep-lugreisgeld: R10,982 (onderhewig aan besikbaarheid tydens bespreking)
Landreëlings: R45,900 / (US$2,700)

*Tariewe word deur die dienslewеraars teenoor die Amerikaanse Dollar tot op **R17,00** gedek. Die Randwaarde van ons toerprys sal met balansbetaling aangepas word indien die Rand sou verswak. Reisversekering word ten sterkste aanbeveel en kan deur ons kantoor uitgereik word. Weens die beperkte aantal sitplekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker. Toerkoste is gebaseer op 'n minimum van **32 passasiers** wat saamreis.*

***Groeptoer geldsake:** 'n Nie-terugbetaalbare deposito van **R10,000 plus R1,230 reisversekering vir onder 70-jariges óf R2,930 vir onder 80's** is betaalbaar met registrasie, om die geldigheid van die maksimum reisdekking wat die polis bied, te verseker. Die balans van die toerprys is sowat 8 weke voor vertrek betaalbaar, en die wisselkoers van die dag sal op die Randwaarde van ons toerprys van toepassing wees. Maak asseblief voorsiening vir wisseling in die Randwaarde van ons toerprys van ongeveer R2,294 vir elke Rand wisseling teenoor die Dollar. Maak asb seker dat u fondse teen balansbetaling beskikbaar is aangesien dit weens die wisselvalligheid van die Rand, sowat 72-uur na fakturering betaalbaar is.*

***Besprekings:** Voltooi asb die registrasievorm en e-pos, faks of whatsapp die dokument tesame met u inbetalingstrokie na ons kantoor. Gebruik asb u **VAN** gevolg deur die kode **9JulDvA** as verwysing met inbetaling. Besprekings word op 'n "first-come, first-served" basis hanteer.*
***e-pos:** tafelberg@stargateint.co.za **Faks:** 086 634-3775 **Whatsapp:** 083 453-6505*

INGESLUIT:
- Ekonomiese retoervlugte insluitend **inboek-bagasie**, lughawebelasting en brandstofheffing
- Lughawe hotel retoer oorplasings soos per reisplan
- Ontbyt en aandete daagliks soos per reisplan
- Vierster akkommodasie
- Geregistreerde Engelssprekende toergidse en luukse toerbusse
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per program
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere en hotelpersoneel

UITGESLUIT:
- Opsionele enkelkamer US$120 per nag
- Reisversekering vir onder 70-jariges R1,230 en R2,930 vir onder 80's. Senior polis op aanvraag beskikbaar.
- Opsionele dag-uitstappie na Petra in Jordanië vanaf R4,980pp

NOTA: Reisplan is onderhewig aan verandering na gelang van tydskedules, veiligheidsonstandighede.

StarGate international
International Group Tour Operators
Tel: 011 918-7567
info@stargateinternational.co.za

Vir nadere besonderhede, kontak

Hannes van As

072 428 9969
hannesvanas@gmail.com